



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2017
GRAAD 11

REKENINGKUNDE

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd in minute
1	Bankversoening	50	30
2	Krediteureversoening	20	12
3	Bateverkope	50	30
4	Finansiële state	90	54
5	Vennootskappe: Kapitaal en privaatrekeninge	50	30
6	Ontleding en vertolking van finansiële state	40	24
Totaal		300	180

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

15 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN**REKENINGKUNDE****TYD: 3 uur**
PUNTE: 300**INSTRUKSIES EN INLIGTING****Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.**

1. Beantwoord ALLE vrae.
2. Wys ALLE bewerkings sodat deelpunte toegeken kan word.
3. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig deur en volg dit presies.
4. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Alle antwoorde moet in blou of swart ink geskryf word.

Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n gids wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk NIE.

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd in minute
1	Bankversoening	50	30
2	Krediteureversoening	20	12
3	Bateverkope	50	30
4	Finansiële state	90	54
5	Vennootskappe: Kapitaal en privaatrekeninge	50	30
6	Ontleding en vertolking van finansiële state	40	24
Totaal		300	180

VRAAG 1
(50 Punte; 30 Minute)
KONSEPTE, BANKVERSOENING EN VERTOLKING
KONSEPTE
(5)

- 1.1 Gee EEN term uit die onderstaande lys vir die volgende beskrywings. Skryf slegs die term teenoor die antwoordnommer (1.1.1 – 1.1.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

uitstaande deposito; gedishonoreerde tjek; stop betaling; debietorder; oortrokke bank; uitstaande tjek; bateregister; vooruitgedateerde tjek register.

- | | | |
|-------|---|-----|
| 1.1.1 | Die fasiliteit waardeur 'n besigheid meer geld kan gebruik as wat in hul lopende bankrekening is | (1) |
| 1.1.2 | 'n Item wat aangedui word as 'n 'onbetaalde / geweierde tjek' op jou bankstaat word beskou as 'n ... | (1) |
| 1.1.3 | Toestemming wat aan 'n derde-party verleen word om outomatiese maandelikse betalings te ontvang, direk vanuit die besigheid se lopende bankrekening | (1) |
| 1.1.4 | Alle vooruitgedateerde tjeks ontvang moet in 'n ... aangeteken word en op 'n veilige plek gebêre word. | (1) |
| 1.1.5 | Die trekker van die tjek het die opsie om te vra dat 'n tjek gemerk word as ... indien 'n tjek verlore geraak het. | (1) |

BANKVERSOENING

Die inligting is geneem uit die boeke van Mercby Handelaars op 30 September 2017.

- | | | |
|-----|---|------|
| 1.2 | Voltooi die tabel wat verskaf word in die ANTWOORDBOEK sodat die regte totale van die Kontantontvangstejoernaal en Kontantbetalingsjoernaal bereken kan word vir September 2017. LET WEL: Daar word van jou verwag om die besonderhede van diverse rekeninge sowel as die bedrae te gee. | (19) |
| 1.3 | Doen die Bankrekening in die Algemene Grootboek op 30 September 2017. | (7) |
| 1.4 | Doen die Bankversoeningstaat op 30 September 2017. | (7) |
| 1.5 | A. Alli is die eienaar van Mercby Handelaars. 'n Nuwe boekhouer, Tommy, is nou aangestel nadat die vorige boekhouer Borry onlangs spoorloos verdwyn het.

Verduidelik kortliks aan Tommy hoekom dit belangrik is dat hy aan die einde van elke maand bankversoening doen. Verskaf DRIE redes. | (6) |
| 1.6 | Gee DRIE voordele van internet-bankdienste. | (3) |
| 1.7 | Verduidelik wat die term "witboordjie misdad" beteken en gee EEN voorbeeld daarvan. | (3) |

INLIGTING:

- Die volgende items verskyn op die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2017:

Ongunstige saldo volgens Bankstaat	2 860
Uitstaande deposito	2 000
Uitstaande tjeks:	
Nr. 015 (1 Maart 2017)	150
Nr. 100	500
Nr. 117	1 320
Nr. 118	640
Kredietregstelling van foute	1 460
Saldo volgens Bankrekening	?

- Voordat die Bankstaat vir September 2017 ontvang is, het die volgende voorlopige totale in die kontantjoernale verskyn:

- KOJ R49 926
- KBJ R49 800

- Die volgende items kom in die Bankstaat vir September 2017 voor maar nie in die kontantjoernale nie:

- 'n Deposito van R2 000 is ontvang van 'n huurder, M. Shiba op 31 Augustus 2017.
- Op 20 September 2017, word 'n nuwe tjek nr. 121 vir R300, uitgereik om tjek nr. 015 te vervang. Die tjek is uitgereik aan Tradeco, vir handelsvoorraad aangekoop.
- Mercby Handelaars het tjek nr. 118 verkeerd aangeteken as R640 in plaas vanaf R460. Dit is uitgereik aan Sunny Adverteerders vir 'n advertensie in die plaaslike koerant. Die fout moet reggestel word.
- Tjek nr. 100 is al vir geruime tyd uitstaande. Dit was uitgereik ten gunste van Best Skryfbehoeftehandelaars. Die tjek moet gekanselleer word aangesien Best skryfbehoeftehandelaars nie meer bestaan nie.
- 'n Stop order ten gunste van CTI Versekeraars vir versekering R1 520
- Rente op die gunstige Bank saldo, R400
- Bankkoste van R786
- Die fout wat deur die bank gemaak was is reggestel, R1 460.
- 'n Direkte deposito gemaak deur I. May ('n debiteur), R4 100 om sy rekening van R4 150 te vereffen.

4. Die volgende items verskyn in die kontantjoernale maar nie op die Bankstaat vir September nie:
- Tjek nr. 112 vir R800 (gedateer vir 5 Oktober 2017)
 - Tjek nr. 113 vir R400 (gedateer 15 November 2017) vir 'n deposito op rekenaartoerusting gekoop van Nkuli Skryfbehoeftes
 - 'n Deposito van R2 500 gemaak op 30 September 2017
 - Bereken die Bankstaatsaldo op 30 September 2017.

50
VRAAG 2
(20 punte; 12 minute)
KONSEPTE EN KREDITEUREKONTROLE
PASITEMS

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by die konsep in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – E) langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK.

(5)
2.1

	KOLOM A		KOLOM B
2.1.1	Oorspronklike faktuur	A	Opsomming van wat elke krediteur skuld
2.1.2	Krediteurelys	B	Dokument wat op die Krediteurestaat sal verskyn as erkenning dat foutiewe goedere terugontvang is deur verskaffer
2.1.3	Debietnota	C	Bewys dat die betaling ontvang is
2.1.4	Kredietnota	D	Dokument wat deur die besigheid gestuur word aan die verskaffer wanneer goedere teruggestuur word of 'n afslag gevra word
2.1.5	Kwitansie	E	Dokument waarop alle krediet aankope aangeteken word

BEKI HANDELAARS

'n Rekeningstaat wat ontvang word van AB Verskaffers op 25 September 2017 toon aan dat BEKI Handelaars hulle R51 163 skuld. Die krediteuregrootboek van BEKI Handelaars toon 'n uitstaande saldo van R57 312.

GEVRA:

- 2.2 Bereken die korrekte saldo van AB Verskaffers in die Krediteuregrootboek van BEKI Handelaars.

(8)

- 2.3 Voltooi die Krediteureversoeningstaat op 30 September 2017.

(7)

INLIGTING:

**A. KREDITEUREGROOTBOEK VAN BEKI HANDELAARS
AB VERSKAFFERS (KG 7)**

Datum		Besonderhede	Fol	Debiet	Krediet	Saldo
2017 Sept	1	Rekening gelewer				44 290
	3	Faktuur nr. 223			10 808	55 098
	5	Debietnota nr. 96		618		54 480
	12	Tjek Nr.181		21 108		33 372
		Korting		3 532		29 840
	15	Faktuur nr. 105			6 929	36 769
	23	Faktuur nr. 229			7 188	43 597
	24	Faktuur nr. 284 (Na handels- korting)			8 829	52 786
	30	Faktuur nr. 302			4 526	57 312

B. Rekeningstaat ontvang van AB Verskaffers

AB VERSKAFFERS REKENINGSTAAT					
18 SNAKEWEG MLALAZI 1511 REKENING VAN: Beki Handelaars			Tel: 032 705 0961 Faks: 011 4125431 25 September 2017 REKENING NR. ABC 543		
Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
2017 SEPT	1	Saldo			44 290
	3	Faktuur nr. 223	10 296		54 586
	5	Kredietnota nr. 109	618		55 204
	12	Kwitansie nr. 5140		21 108	34 096
	23	Faktuur nr. 228	7 188		41 284
	24	Faktuur nr. 284	9 810		51 094
	25	Rente op agterstallige rekening	69		51 163

ADDISIONELE INLIGTING:

Met die vergelyking van die rekeningstaat ontvang vanaf AB Verskaffers en die rekening in die Krediteuregrootboek is die volgende opgemerk:

- (a) Faktuur nr. 223 op 3 September 2017 was reg aangeteken in die rekeningstaat van AB Verskaffers.
- (b) AB Verskaffers het 'n fout gemaak met die optekening van die terugsending van goedere op 5 September 2017.
- (c) BEKI Handelaars kwalifiseer vir 'n korting vir die vroeë betaling van hulle rekening op 12 September 2017. AB Verskaffers het R2 532 as korting toegelaat. Hulle belowe om dit op hulle volgende rekeningstaat aan te toon.
- (d) Faktuur nr. 105 vir R6 929 was foutiewelik aangeteken in die Krediteure-grootboek van AB Verskaffers. Hierdie aankope is gemaak vanaf ABA Verskaffers.
- (e) 'n Handelskorting van 10% is afgetrek op Faktuur nr. 284. AB Verskaffers het dit nie in aanmerking geneem nie. AB Verskaffers sal die fout volgende maand regstel.
- (f) Faktuur nr. 302 verskyn nie op die rekeningstaat wat ontvang is van AB Verskaffers nie, aangesien die transaksie plaasgevind het nadat die staat gedruk is.
- (g) AB Verskaffers het die rente van R69 korrek gehef op die agterstallige rekening.

20

VRAAG 3

(50 Punte: 30 Minute)

BATEVERKOPE

- 3.1 Gee die korrekte woord(e) om die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1 – 3.1.4) in die antwoordboek. (4)
- 3.1.1 Volgens die ... konsep word alle bates aangeteken teen hulle oorspronklike kosprys.
 - 3.1.2 Besonderhede van elke individuele vaste bate word aangeteken op 'n
 - 3.1.3 Kosprys van 'n bate – opgehoopte waardevermindering =
 - 3.1.4 Die totale waarde wat 'n bate verloor as gevolg van gebruik en slytasie word ... genoem

- 3.2 Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van Pay Day Handelaars. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie.

GEVRA:

- 3.2.1 Wys die berekening van Opgehoopte waardevermindering gemerk (a) tot (d) op die tabel wat in die ANTWOORDBOEK verskaf word. (13)
- 3.2.2 Verwys na inligting C en voltooi die Bateregister vir item 2. (3)
- 3.2.3 Doen die Bateverkoperekening vir die voertuig wat op 28 Februarie 2017 verkoop is. (8)
- 3.2.4 Doen die nota vir Vaste bates tot die Balansstaat op 28 Februarie 2017. (22)

INLIGTING:

Lys van saldo's op 28 Februarie 2017

A.

Grond en Geboue	6 789 720
Voertuie	810 000
Toerusting	210 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	387 600
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	77 000

B. **Grond en geboue**

- 'n Gebou is aangekoop gedurende die finansiële jaar vir R2 000 000. Dit is behoorlik geboekstaaf.
- Grond en geboue ter waarde van R980 000 is verkoop op die laaste dag van die finansiële jaar. Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.

C. **Toerusting**

- Die volgende inligting verskyn in die bateregister in verband met toerusting:

	Datum gekoop	Kosprys
ITEM 1	1 Maart 2010	R70 000
ITEM 2	1 Junie 2013	R60 000
ITEM 3	1 Maart 2015	R35 000
ITEM 4	1 Augustus 2016	R45 000

- Alle toerusting word gedepresieer teen 10% p.j. op die kosprys.
- Item 4 is aangekoop gedurende die finansiële jaar. Die transaksie is behoorlik geboekstaaf in die besigheid se boeke.
- Item 2 is verkoop op 1 September 2016. Die transaksie is nie geboekstaaf nie.

D. Voertuie

- 'n Nuwe voertuig met 'n kosprys van R330 000 is op 1 Januarie 2017 aangekoop en per tjek betaal. Hierdie transaksie is nog nie geboekstaaf nie.
- Op 28 Februarie 2017 is 'n voertuig met 'n kosprys van R200 000 verkoop vir kontant, R72 000. Die besigheid het 'n verlies van R9 920 gely op die verkoop van die voertuig. Hierdie inskrywing moet nog gemaak word. Die voertuig is gekoop op 1 Maart 2013.
- Waardevermindering op voertuie word bereken op 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.

VRAAG 4

(90 Punte: 54 Minute)

FINANSIËLE STATE

- 4.1 Pas die konsep in **KOLOM A** met die beskrywings in **KOLOM B**. Skryf **SLEGS** die regte letter (A – H) in jou ANTWOORDBOEK.

	KOLOM A		KOLOM B
4.1.1	Inkomstestaat	A	Ontleed die finansiële posisie van die onderneming
4.1.2	AARP	B	Oorblywende waarde van 'n bate nadat dit ten volle afgeskryf is
4.1.3	Waardevermindering	C	Finansieringskoste
4.1.4	Wesenlikheidsbeginsel	D	Met die klassifikasies van 'n transaksie, moet die erns of impak op die wins in ag geneem word.
4.1.5	Balansstaat	E	Hierdie beginsel maak dit moontlik om die resultate van verskillende besighede te vergelyk.
4.1.6	Paringsbeginsel	F	Toon die winsgewendheid van die besigheid
4.1.7	Rente	G	Toegerekende uitgawes
4.1.8	Reswaarde	H	Inkomste verdien en uitgawes aangeaan moet in dieselfde finansiële jaar getoon word.

(8)

4.2 Die volgende inligting het betrekking op Big Blue Winkels. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2017. Die besigheid gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:

4.2.1 Voltooi die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017. (48)

4.2.2 Voltooi die volgende Notas tot die Balansstaat.

- Handels- en ander ontvangbares (9)
- Handels- en ander betaalbares (25)

INLIGTING:

Balansstaatrekeninge	Debiet	Krediet
Vaste deposito: Investec Bank	460 000	
Debiteurekontrole	63 190	
Voorsiening vir oninbare skuld		3 450
Handelsvoorraad	697 400	
Bank		7 800
Krediteurekontrole		197 000
Krediteure vir salarisse		48 000
Pensioenfonds		6 500
SAID:LBS		12 000
WVF		1 500
Verbandlening: Nedbank		652 000
Nominale rekeninge-afdeling		
Verkope		4 220 700
Koste van verkope	1 100 720	
Debiteure-afslag	12 500	
Salarisse en lone	288 090	
Oninbare skuld	2 790	
Huur uitgawe	63 360	
Advertensie	292 330	
Water en elektrisiteit	72 000	
Verpakkingsmateriaal	16 070	
Bankkoste	1 675	
Rente op lopende rekening		847
Rente op vaste deposito		13 000
Versekering	18 300	

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- Op 28 Desember 2016, het T Chance, 'n debiteur beskadigde goedere teruggestuur. Die verkoopsprys was R850 en die winspersentasie was 25% op kosprys. Die goedere is onmiddellik teruggestuur aan ons verskaffer, wat 'n kredietnota uitreik. Geen inskrywing is nog in die boeke gedoen nie.
- Handelsvoorraad voorhande volgens 'n fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2017, is R698 900.
- Verpakkingsmateriaal ten bedrae van R15 700 is gedurende die jaar gebruik.
- Die insolvente boedel van E Pain betaal 40 sent in die rand en betaal R360 direk in die besigheid se lopende bankrekening in op 5 Desember 2016. Dit is aangeteken in die boeke, die res moet as oninbaar afgeskryf word, en die voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot R3 090.
- 'n Debiteur met 'n kredietsaldo van R11 700 moet oorgedra word na die Krediteuregrootboek.
- Een van die werknemers was per ongeluk uit die salarisjoernaal vir Februarie 2017 uitgelaat Die besonderhede van sy salarisstrokke is as volg:

Netto Salari	R18 375
LBS aftrekking	R4 500
Pensioenfonds aftrekking	R1 875
WVF aftrekking	R250

Die besigheid se bydrae was soos volg:

- Pensioenfonds: 10,5% van Bruto Salaris
- WVF: Rand-tot-rand basis

Let wel: Alle bydraes word gedebiteer teen die salarisse en lone rekening.

- Huuruitgawe is verhoog met 10% op 1 Februarie 2017. Die huur vir Maart 2017 is reeds betaal.
- Die totale waardevermindering vir die finansiële jaar bedrae R83 200.
- Die water en elektrisiteit vir Februarie 2017 moet nog betaal word, R11 000.
- Die bankstaat van FNB wys die volgende:
 - Rente op oortrekking, R315.
 - Bankkoste, R670.
 - EFO vanaf S. Sibanyoni wat voorheen afgeskryf is as oninbaar, R3 600.

11. Die leningstaat van Nedbank op 28 Februarie 2017 lyk soos volg:

Saldo op 1 Maart 2016	R665 600
Totale betalings gedurende die jaar	R103 200
Saldo op 28 Februarie 2017	R652 000

- Rente vir die jaar moet gekapitaliseer word.

12. Die volgende tjeks uitgereik aan verskaffers is nog nie aangebied vir betaling op 28 Februarie 2017 nie:

- Nr. 1270 vir R2 580
- Nr. 1280 vir R1 850

VRAAG 5

(50 Punte: 30 Minute)

VENNOOTSKAPPE

Die volgende inligting is geneem uit die rekeningkundige rekords van vennote S Gous en L Naidoo. Hulle finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2017.

Gevra:

- 5.1 Kapitaal op 28 Februarie 2017 (5)
- 5.2 Rente op Kapitaal op 28 Februarie 2017 (10)
- 5.3 Privaatrekeninge op 28 Februarie 2017 (25)
- 5.4 Doen die Eienaarsbelang en Laste gedeelte van die Balansstaat op 28 Februarie 2017. (10)

INLIGTING:

1. Saldo's op 28 Februarie 2017 die laaste dag van die finansiële jaar:

Kapitaal: Gous (1 Maart 2016)	2 080 000
Kapitaal: Naidoo (1 Maart 2016)	1 920 000
Privaatrekening: Gous (1 Maart 2016)	25 000
Privaatrekening : Naidoo (1 Maart 2016)	112 000(Dt)
Onttrekkings: Gous	875 000
Onttrekkings: Naidoo	910 000
Oortrokke Bank	705 000
Handelskrediteure	120 000
Lening: NEDBANK	900 000

2. 'n Verbandlening van R1 000 000 is gekry vanaf Nedbank op 1 Maart 2016. Al die inskrywings vir die terugbetaling van die verbandlening en die rente vir die huidige finansiële jaar is gedoen. In die volgende finansiële jaar sal die vennootskap terugbetalings ter waarde van R100 000 op die verbandlening maak.
3. Gous verhoog sy kapitaalbydrae op 28 Februarie 2017 na R2 880 000. Geen inskrywing is nog daarvoor gemaak in die besigheid se boeke nie. Die kapitaal bydrae van Naidoo bly onveranderd.
4. Naidoo stuur handelsware terug wat nie geskik was vir sy persoonlike gebruik nie kosprys is R5 000 voordat die voorraadopname afgehandel was. Die goedere teruggebring is nog nie in die boeke opgeteken nie.
5. Die vennootskapsooreenkoms stipuleer die volgende:
 - Vennote is geregtig op 'n maandelikse salaris van R65 000 elk.
 - Vennote is geregtig op rente van 8% p.j. op hulle kapitaalsaldo's op die 1ste dag van die finansiële jaar.
 - Op 1 Desember 2016, het die vennote besluit om hulle salarisse te verhoog na 12% p.j. Met onmiddellike effek
 - Gous ontvang 'n spesiale bonus van 5% van die netto wins.
6. Nadat alle jaar eindaansuiwerings in aanmerking geneem is, is die netto wins vir die finansiële jaar R2 030 000.
7. Oorblywende winste of verliese moet gedeel word in verhouding tot hulle kapitaalbydrae aan die einde van die finansiële jaar.

VRAAG 6

(40 punte: 24 minute)

ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE

Die inligting verskaf word verkry uit die finansiële state van Mikfia Tutors.

Vennote Mikyl en Fia begin hulle Opleidingsentrum in 2017.

Alle berekeninge in die vraag moet **afgerond word tot 2 desimale plekke**.

GEVRA:

- 6.1 Bereken die persentasie opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang van die vennootskap. Lewer kommentaar en gebruik die syfers om jou antwoord te staaf. (9)
- 6.2 Bereken die persentasie opbrengs wat deur Mikyl verdien word op haar gemiddelde eienaarsbelang. Moet sy tevrede wees? Motiveer jou antwoord. (9)
- 6.3 Bereken die skuld : eienaarsbelang verhouding vir 2017. (3)
- 6.4 Was dit 'n goeie idee om die lening te verhoog? Gebruik finansiële aanwysers met getalle / persentasies om jou antwoord te staaf. (4)
- 6.5 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die vennootskap. Haal DRIE toepaslike finansiële aanwysers (werklike syfers / verhoudings / persentasies) en hul neigings aan. (9)
- 6.6 Lewer kommentaar oor die volgende finansiële aanwysers. Let wel die beoogde winsgrens is 50% op koste van verkope.
 - % Bruto wins op koste van verkope (3)
 - % Bedryfsuitgawes op verkope (3)

Verskaf in elke geval 'n rede vir die verbetering of afname in die syfers.

INLIGTING:
1. Uittreksel van die Balansstaat

	28 Feb 2017	28 Feb 2016
Eienaarsbelang	420 000	234 000
Kapitaal: Mikyl	200 000	160 000
Kapitaal: Fia	200 000	80 000
Privaatrekening: Mikyl	8 000	2 000
Privaatrekening: Fia	12 000	(8 000)
Nie bedryfslaste	360 000	280 000

2. ADDISIONELE INLIGTING:

- A. Die netto wins vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017 is R58 000.
- B. Vennoot Mikyl verdien 'n totaal van R37 000 vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2017.
- C. Die volgende finansiële aanwysers is bereken in 2017:

VERHOUDING	2017	2016
% Opbrengs verdien deur die besigheid op eienaarsbelang	?	24%
% Opbrengs verdien deur Mikyl	?	26%
% Opbrengs verdien deur Fia	23%	23%
Skuld: Eienaarsbelangverhouding	?	1,2:1
Bedryfskapitaalverhouding	2,29:1	1,6:1
Vuurproefverhouding	1,57:1	0,6:1
Gemiddelde debiteure-invorderings periode	30 dae	55 dae
% Bedryfsuitgawes op omset	40%	50%
% Bruto wins op koste van verkope	50%	60%

- D. Die debiteure-betalingsperiode is 30 dae soos verlang volgens die kredietbeleid.
- E. Krediteure word betaal na 60 dae volgens die krediteurebeleid.
- F. Die rentekoers op die lening vanaf Rand Bank is 21% p.j. Rente betaal gedurende die finansiële jaar beloop R57 600.
- G. Geld kan belê word teen 'n rentekoers van 10% p.j.